

DWELM- EN DRANKBELEID

Die Hoërskool Grens erken dat drank- en dwelmmisbruik die sielkundige, fisiese, sosiale en akademiese ontwikkeling van jongmense bedreig. Daarom onderskryf die skool die minister van onderwys se oproep dat skole bewus moet wees van verskillende vorme van dwelms wat in skole gebruik word.

Die skool wil primêr voorkomend optree en voorligting verskaf soos bv. d.m.v. die Lewensoriënteringperiode, sprekers tydens saalperiodes asook inligting aan ouers en ondersteuningsgroepe daarstel.

In die belang van alle leerders en personeel het die skool die reg om in te gryp waar 'n leerder as disfunksioneel geïdentifiseer is. Dit sluit alle gedrag en oortredings in t.o.v skool- en skoolaktiwiteite wat drank- en of dwelmverwant is.

Definisie van dwelmmiddels:

Dwelmmiddels is enige chemikalieë wat 'n kalmerende, stimulerende en of hallusinerende effek op die sentrale senuweestelsel het. Dit sluit alkoholieuse dranke, nikotien, oor die toonbank- en voorskrifmedisyne, huishoudelike middels en enige onwettige dwelmmiddels soos uiteengesit in die wet op dwelms en dwelmhandel van 1992.

'n Dwelmoortreding kan as volg omskryf word:

- a) Die wederegtelike besit van of gebruik van bogenoemde middels (insluitende gemagtigde medikasie wat sonder toestemming gebruik word) of dwelmtouerusting (spuite, naalde, daggapype ens.) op die skoolterrein of gedurende skoolverwante aktiwiteite.
- b) Optree in 'n toestand van bedwelming bv. onder die invloed van bogenoemde dwelmmiddels op die skoolterrein of gedurende skoolverwante aktiwiteite.
- c) Handel en of optrede as koerier tussen koper en verkoper van dwelmmiddels.
- d) Enige oortreding van bestaande landswette wat die gebruik en verspreiding van wettige en onwettige dwelmmiddels beheer.
- e) Medepligtig aan geheimhouding of beskerming van 'n persoon of persone wat betrokke is by dwelmverwante oortredings asook om druk te plaas op ander leerders om betrokke te raak.

Die volgende simptome kan moontlik waargeneem word wanneer 'n leerder dwelms gebruik:

Traagheid, dikwels afwesig, verhoudingsprobleme, slordigheid, akademiese agteruitgang, neem nie meer aan sport deel. gedragsverandering, rooi oe, geel\bruin hande, swak aptyt, gewigsverlies, gebrek aan motivering, verdwyning, leuens, slaperigheid, diefstal, skielike behoefté aan meer geld, gesondheidsprobleme en skuldigbevinding aan enige oortredings in bogenoemde

Die volgende riglyne word gevolg:

1. Die vroegtydige identifisering van waarskynlike dwelmgebruik kan lei tot optrede om sodoende `n positiewe verandering in gesondheid , gedrag en produktiwiteit te weeg te bring.
2. Leerders word aangemoedig om hulp by die skool te verkry
3. Die personeel moet geïdentifiseerde gevalle aanmeld sodat die skool kennis kan dra van die betrokke leerder en die skoolhoof met die ouers/voogde en ander instansies kan skakel.
4. Dit word jaarliks van die ouers/voogde en leerders verwag om hulle te verbind tot samewerking en tot navolging van die bogenoemde beleid.
5. Leerders wat hierdie beleid oortree, is onderworpe aan behandeling en berading afhangende van die erns van die oortreding en of dit die leerder se eerste of herhaalde skending van die beleid is.
6. Leerders wat by dwelmmisbruik betrokke is, sal ondersteun word en onderrig sal nie noodwendig gestaak word nie.
7. Indien 'n leerder nie wil saamwerk t.o.v. rehabilitasie nie, sal tydelike skorsing plaasvind of verdere stappe gevoer word soos deur die OKOD se regulasies neergelê.
8. Indien 'n leerder op aanbeveling van die skool 'n rehabilitasieprogram bywoon, moet die ouers/voogde en die leerder skriftelik toestemming daartoe verleen.
9. Alle gevalle en dokumentasie moet vertroulik hanteer word.

Toetsing van dwelms:

Die skoolhoof of 'n afgevaardigde mag dwelmtoetse op enige leerder van die skool, sonder enige departementele of ouertoestemming, uitvoer indien dit as volg geskied:

- Toetsing moet deur dieselfde geslag uitgevoer word.
- Dit moet te alle tye professioneel uitgevoer word.
- Die aankoop van die toetsmiddel is die koste van die skool.

Die skoolhoof behou ook die reg om 'n ouer/voog te versoek om die leerder te laat toets en die uitslae aan die skool te verskaf.

Deursoek van leerders:

Die skoolhoof of 'n afgevaardigde mag op 'n georganiseerde wyse, sonder om die leerders of ouers in kennis te stel, die hulp van die SAPD asook hul opgeleide honde gebruik om die leerders se baadjies sowel as hul skooltasse en sportsakke vir die besit van enige dwelmmiddels deursoek.

Enige verder inligting kan by die onderstaande instansies verkry word:

- SANCA Alkohol- en dwelmsentrum – tel.no.: 043-7221210 / 043-7434350
- Life Line – tel.no.: 043-7222000 / 043-7437266
- Kinderlyn – tel.no.: 0800055555
- CMR – 043-7226104